INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 2 8 1 | 79 11 30 334 | 0 8 6 | 1 1 0 8 2 |

30 NOV 1979

DIE TRANSVALER Jg........ Nr........ P. 9 Dat........

# Huise nou teen onlus verseker

**VERBANDHOUERS by die meeste van die bouverenigings kan nou politieke onlusversekering uitneem. Die prys van die versekering beloop R2,50 vir elke R10 000 van die verband.**

Mnr. David Alston, direkteur van die Vereniging van Bouverenigings, het gister gesê dat sy vereeniging aanbeveel het dat bouverenigings hierdie soort versekering aan hul verbandhouers beskikbaar stel.

Die meeste bouverenigings het reeds briewe in die verband aan verbandhouers gestuur. Natal Bouvereniging het gister briewe aan verbandhouers gestuur waarin die nuwe versekering bekend gestel word.

Dit beteken nie dat verbandhouers eers van aanstaande jaar af hul huise teen onlusbeskadiging kan verseker nie, maar dat dit onmiddelik na die kennisgewing gedoen kan word, het mnr. Alston gesê.

Sasria (South African Special Risk Insurance Association) is vroeër vanjaar in die lewe geroep om politieke onlusversekering aan verbandhouers beskikbaar te stel.

Die versekering van swart verbandhouers is heelwat duurder en beloop R12,50 per R10 000 van die verband. Kleurling- en Indiër-verbandhouers betaal op hulle beurt R7,50 per R10 000.

TREFWOORDE

1 Onluste
2 Versekering
3 Huise
4 Vereniging van Bouverenig
5 Alston, D.
6 S.A.S.R.I.A.
7
8
9
10